En gedurende 1981, generaal Johan Coetzee, watter pos het hy bekleed? -- Hy was op daardie stadium die bevelvoerende offisier van die veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie, hoofkantoor.

En in 1981 watter pos het brigadier Van der Hoven bekleed? -- Ek vermoed hy was toe die afdelingsbevelvoerder van die veiligheidstak in Durban.

In November 1981, ek is seker u dra kennis van die feit die Vlakplaas-eenheid was af Durban toe. -- Ek weet net dat hulle Natal toe was. Ek kon nie sê hulle was spesifiek Durban toe nie. (30)

U sou seker reëlings met brigadier Van der Hoven getref het met die uitplasing van die eenheid daarnatoe. -- Nee, ek kan nie onthou dat ek op enige stadium met brigadier Van der Hoven enige reëlings getref het vir die uitplaas van Vlakplaas se lede nie.

En in verband met die terugtrekking? -- Ook nie.

Is dit nie die reël dat sulke terugtrekking en uitplasing in konsultasie met hoofkantoor gedoen moes word nie? -- Die roetine het naderhand geword dat die spanne gaan aan die begin van die maand uit en bly vir ongeveer drie weke in die veld en dan kom hulle - hier na die einde van die maand toe kom hulle weer terug. (10)

So, dit was nie eintlik nodig om te sê julle hoef op daardie datum terug te wees nie. Hulle het hulle dinge ge- reël soos dit hulle gepas het.

So, sê u dat u het geen reëlings wat u betref gemaak in verband met die uitplasing van die eenheid Durban toe of Natal toe en geen reëlings in verband met die terugtrekking van die eenheid/..

K88.79

- 2518 -

SCHOON

eenheid? -- Die prosedure op daardie stadium was dat die be- (20)
velvoerder van die eenheid, in hierdie geval sou dit kaptein Dirk Coetzee gewees het, kom met 'n los blad waar hy sê hier-die en daardie lede gaan uit na hierdie of daardie afdeling toe en dit het dan daar gebly by die kantoor en ek het dit nie nodig geag om enige ander reëlings te tref nie.

Nou, in verband met die eenheid se aktiwiteite in Natal of Oos-Transvaal of waar ook al, wat was die pligte van die bevelvoerder in verband met die afdelingsbevelvoerder? Moes hy gereeld aan hom rapporteer? -- Hy moes in die eerste plek as hy in daardie afdeling aanland, moes hy sy teenwoordigheid by die afdelingsbevelvoerder of sy gevolmagtigde gaan aanmeld en dan sou daardie afdelingsbevelvoerder die groep spesifiek getaak het wat (30)

om te doen.

En ek neem aan dit sou behels 'n gereelde terugrapportering aan hom deur die lede van die eenheid of deur die bevelvoerder? -- Ja, dit was die hele gedagte.

As daar 'n aangeleentheid was waarby u betrokke was en waarby generaal Coetzee ook betrokke was, generaal Coetzee nou, sou hy u geraadpleeg het oor take of aangeleenthede wat onder u bevel sou geval het? -- Kan u miskien net vir my 'n duideliker voorbeeld noem, asseblief.

Sê nou byvoorbeeld iets gebeur in Natal in verband met die Vlakplaas se eenheid en generaal Coetzee reik nou 'n verklaring uit in verband daarmee, sou hy u daarvoor geraadpleeg het? -- Hy sou. (10)

K89 So, enige kennis wat brigadier Coetzee gedra het, sou u ook gedra het? -- Dit is korrek.

Ons sal later daarby kom. Nou, u is verwys alreeds na aanhangsel - die aanhangsel na jou beëdigde verklaring. Ek het dit as/..

k89 - 2519 - SCHOON
(20)
het dit as aanhangsel JC1 .. (tussenbei)

VOORSITTER: Dit is die brief wat u geskryf het.

MNR. PRETORIUS: Dit is die omsendbrief. -- Ja.

U het dit daar voor u. -- Ek het dit ongelukkig nie voor my nie.

Ons sal 'n afskrif probeer kry.

VOORSITTER: Ja, toemaar die getuie het 'n afskrif.

MNR. PRETORIUS: Hierdie is 'n omsendbrief wat gedurende November 1981 uitgestuur is deur u. -- September '81.

O, September '81. Ja, jammer, ek het die verkeerde datum en dit is in verband met die Vlakplaas-eenheid. -- Dit is korrek. (30)

Nou, uit hierdie dokument blyk dit dat die beleid was dat

die uitplasing van spanne deur groep C uit hoofkantoor gekoördineer moet word. -- Dit is korrek.

Asook die onttrekking van spanne uit 'n gebied uit. -- Ja.

Dit was die beleid. -- Ja.

Maar u sê dat al wat tot op daardie stadium gedoen was of gedurende November 1981 gedoen was, dat dit sou deur Coetzee self gereël word en hy sou net die inligting op die lessenaar geplaas het. -- Ek moet dit net hier regstel dat soos u sal sien daar is 'n kolonel Van Rensburg wat daarbo geskryf het, dit is sy handskrif, en hy was eintlik die direkte bevelvoerder van of het die direkte toesig oor C1 gehou. Hy was ook in hoofkantoor. Hy het saam met my daar gesit in 'n aparte kantoor en hy het meeste van die taking het hy op sy skouers geneem om die mense aan die werk te hou. (10)

Ja, maar al wat ek nou wil opklaar, is dat volgens hierdie omsendbrief was daar 'n vaste beleid wat in Septembermaand

ingestel/..

K89.1

- 2520 -

SCHOON

ingestel is. -- Dit is - volgens hierdie omsendbrief is dit so.

Die beleid was dat die uitplasing en die terugtrekking van 'n span in en uit 'n gebied uit moet deur hoofkantoor en die betrokke afdelingsbevelvoerder gereël word. -- Dit is korrek, want ek sal vir u sê hoekom dit gebeur het. Party van die afdelings het sommer 'n konstabeltjie of 'n sersant aan-gesit om van die mense daar te skakel en te sê ons het julle dienste hier nodig en dit het 'n bietjie wrywing begin veroorsaak. (20)

Daar is ook getuienis, en ek dink dit is getuienis eintlik voor hierdie kommissie, dat daar nooit 'n voorval sou kon gewees het dat 'n optrede sou kon plaasgevind het binne 'n gebied sonder die medewete van die afdelingsbevelvoerder. Dit was die beleid in elk geval. -- Ja wel, ek kan nou nie pa staan vir dit wat gebeur het in 'n afdeling waar ek nie by was nie. (30)

Maar die beleid en die reël, brigadier. -- Die reël was dat die mense by die afdelingsbevelvoerder moes aanmeld en hy moes hulle dan die nodige taking gee.

Hulle het geen magtiging gehad om self op te tree nie. Hulle moes met die medewete en toestemming van die afdelingsbevelvoerder optree. -- Dit is baie duidelik volgens hierdie opdrag.

En dit was die eintlike beleid ook wat gevolg is, nie waar nie? -- Dit is die beleid wat gevolg moes gewees het.

Het u enige voorbeeld van 'n aangeleentheid waar dit nie so was nie? (10) Waar daardie beleid nie gevolg was nie? Het dit ooit gebeur? -- Ek kan nie op hierdie oomblik aan enige voorbeeld dink nie.

As dit/..

K89.3

- 2521 -

SCHOON

As dit sou gebeur het, sou daar rekord daarvan gewees het? -- Behalwe as dit telefonies besleg is.

As dit 'n ernstige saak was, sou daar seker 'n departementele ondersoek gewees het. -- Ja, dit hang nou af wat se tipe voorval u in gedagte het. (20)

Sê nou maar die moord van 'n persoon eerstens. Dit is seker, of die ontvoering van 'n persoon, iets van sulke aard. -- 'n Mens sou verwag dat so iets gerapporteer word.

Wat van die steel van 'n motorvoertuig, as so iets gebeur het? Sou departementele tugstappe geneem geword het? -- Dit hang af wie die motor gesteel het.

Sê nou maar 'n lid van Vlakplaas sou 'n motor gesteel het in 'n afdeling sonder die medewete en toestemming van die afdelingsbevelvoerder in daardie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, u veronderstel nou die afdelingsbevelvoerder word dan bewus ... (tussenbei)

(30)

MNR. PRETORIUS: Ja-nee, daar is veronderstellings hier. Dit is net 'n sekere lyn wat ek nou volg.

VOORSITTER: Ja, op die oomblik is u veronderstellings 'n bietjie onvolledig.

MNR. PRETORIUS: Brigadier, ek sal dit weer stel, sê nou maar hoofkantoor, u hoofkantoor, leer van 'n geval waar 'n motor gesteel is deur 'n lid van die Vlakplaas-eenheid, ek neem aan dat tugstappe teen daardie lid geneem sou geword het. -- O, baie beslis.

En ek neem aan daar sou nog tot vandag toe rekord daarvan bestaan het. -- Hopelik.

En ek neem aan dat as daar so 'n geval gebeur het en as daar so 'n rekord was sou hierdie rekords uit die aard van die saak voor die Kommissie gewees het. -- Ek glo so.

Ek wil net/..

K89.5

- 2522 -

SCHOON

Ek wil net 'n paar vrae vra, asseblief, oor nog 'n ahangsel, dit is JC2 - jammer, voor ons JC1 los, kan ek net vir u vra, bladsy 2, sub-paragraaf (d). U praat van 'n beleid of 'n reël dat die span uitsluitlik aangewend moet word om met die opsporing, arrestasie en identifikasie van terroriste behulpsaam te wees. U sien dit? -- Ja.

En die woord "uitsluitlik" is beklemtoon. -- Dit is korrek.

Waarom was dit nodig om daardie reël so te beklemtoon? -- Omdat in sekere gevalle die mense aangewend was om onder-vraging te doen en daar het insidente plaasgevind.

Nou, watter insidente het wel plaasgevind? -- Hulle het byvoorbeeld 'n bietjies te hardhandig met die man wat hulle moet ondervra opgetree.

Was daar enige klagte van 'n aanranding? -- Ek weet nie of daar enige sake ondersoek was nie, maar dit het tot my aandag gekom dat van hierdie manne, wat nie opgelei is om ondervraging te doen,

dat hulle wel by ondervraging betrek was en dat dit nie die regte ding was nie.

Kan u vir ons meer besonderhede daaromtrent gee, asse- blief.

Wanneer sou dit plaasgevind het en waar? -- Ek vrees dit is tien jaar gelede en ek kan nie nou aan enige spesifieke voorval dink nie.

Sou daardie klagtes, sou daardie verslae op skrif gestel geword het? -- Dit is moontlik.

En as hulle op skrif oorspronklik gestel was, sou hulle nog bestaan? -- Ek glo so.

Waar sal hierdie dokumente nou te voorskyn kom? -- Wel, as daar is - ek weet nie of die dokumente al vernietig is nie, maar lêers word net 'n sekere aantal jare gehou en dan word

dit vernietig/..

K89.8

- 2523 -

SCHOON

dit vernietig.

Maar as hulle nog bestaan, waar sal hulle wees? -- Dit behoort by veiligheidshoofkantoor te wees.

U sien, want net voor - nee, ek het die datums verkeerd, ek sal dit nie stel nie, maar het u ooit bewus van onreël- matige (20) ondervragings geleer na hierdie omsendbrief uitgeestuur is? -- Nie waarvan ek kan onthou nie.

Sou u noodwendig daarvan kennis .. (tussenbei) -- U bedoel nou spesifiek deur die lede van Vlakplaas?

Ja. --Nee.

U sê .. (tussenbei) -- Ek kan nie enige geval onthou nie.

Sou u noodwendig daarvan gehoor het, as dit sou plaasge- vind het, na 11 September 1981. -- Indien die betrokke persoon dit goed sou gedink het om dit tot my aandag te bring, ja.

Is daar 'n moontlikheid dat - is dit brigadier Van Rens- burg (30) - u nie daarvan sou laat weet het nie? -- Ek glo behalwe as ek

miskien met verlof was of nie beskikbaar was nie, dan sou ek seker nie kennis gedra het daarvan nie.

Behalwe vir die probleme van die ondervraging, die onreëlmatige, soos u dit stel, ondervraging, was daar enige ander probleme teëgekóm het in verband met die aktiwiteite van hierdie Vlakplaas-span? -- Hulle was 'n bietjie ongedissiplineerd en ons moes weer dissipline in hulle kry, byvoorbeeld hulle was geneig gewees om die wapen 'n bietjie gou te gebruik en daar was dan ook 'n paar gevalle gewees waar van hierdie lede die wapen gebruik het en persone gedood het waar daar geregtelike stappe teen hulle geneem is en waar party van hulle vandag nog in die gevangenis sit. (10)

Nou, bestaan daar rekords daarvan? -- Daar bestaan rekords daarvan.

Enige/..

K89.9

- 2524 -

SCHOON

Enige ander probleme? Kyk, ons het nou die onreëlmatige ondervraging, die gebruik van .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, maar net om duidelikheid te kry, praat u van voor die skrywe van die brief of na die skrywe van die brief of maak dit nie vir u saak nie? (20)

MNR. PRETORIUS: Dit maak op hierdie stadium nie vir my saak nie.

Te eniger tyd, brigadier. -- Soos byvoorbeeld wat het u in gedagte?

Ek het baie in gedagte op die oomblik, maar ek wil dit nie op die oomblik, met respek, aan u voorstel nie, want ek wil hê dat u moet te vore kom met wat ook al u kennis van dra. Dit help nie dat ek dit aan u voorstel nie. Ek het alreeds die geval van moorde en diefstal van 'n motorkar, ensovoorts, maar ek wil net weet van enigiets anders wat miskien ek nie van weet nie. -- Nee, op hierdie stadium - behalwe as u miskien my geheue 'n bietjie kan verfris. U weet, ek is nou al 'n bietjie afgestomp. Ek is (30)

al amper, agt maande wat ek nou uit sirkulasie uit is en hierdie dinge het ook 'n hele klompie jare terug plaasgevind, as dit plaasgevind het.

Net om op te som dan, u het gepraat van onreëlmatighede in verband met ondervraging, u het gepraat van die te goue gebruik van 'n vuurwapen. Ek het aan u gestel diefstalle van motorkarre. U sê u dra geen kennis van so 'n voorval nie. -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Die moord van 'n persoon? -- Ook nie.

Die ontvoering van 'n persoon? -- Ek dra ook nie kennis daarvan nie. (10)

Die aanranding van 'n persoon of waar ook al of onder .. (tussenbei) -- Ja, daar was gevalle waar sake van aanranding teen hulle ondersoek is.

En dit is/..

K89.10

- 2525 -

SCHOON

En dit is gedurende die verloop van hulle dienste? -- Dit was gedurende die loop van hulle diens.

Enigiets anders? -- Nie waarvan ek nou weet nie.

Sal u asseblief kyk na nog 'n dokument, dit is JC2, dit is 'n aanhangsel wat voor die Kommissie geplaas is deur kolonel Coetzee. Het u dit voor u? -- Ja. (20)

Nou, hierdie is 'n omsendbrief wat uitgestuur is om en by 26 Januarie 1982. -- Dit is korre.

Sou u kennis gedra het van hierdie omsendbrief? -- Ek het eers kennis gedra nadat die brief reeds uitgestuur is. Ek het niks te doen gehad met die opstel daarvan nie. Ek het dit eers gesien nadat dit reeds in sirkulasie was.

Sou u kennis gedra het van die beleid wat hierin uiteengesit is? -- Ja. (30)

Die redes vir die opstel van die omsendbrief, al is dit na

die tyd, u sou kennis daarvan gedra het? -- Die redes vir die opstel van hierdie brief moet u vir brigadier Du Preez vra. Ek het hom nie behulpsaam gewees nie.

Wel, hier in paragraaf 2 is melding gemaak van 'n beleid dat "Lede van hoofkantoor se teen-terroriste eenheid moet slegs in noodsaaklike gevalle by intensiewe ondervraging van verdagtes betrek word", is dit waarna u verwys het vroeër in u getuienis? Die probleme in verband met ondervraging? -- Nee, hierdie brief is uitgestuur nadat die ene van 1981 uitgestuur is.

So, die beleid is weer herhaal in hierdie omsendbrief. -- (10)
Nee, ek dink die beleid is hier effe anders gestel, dat hulle moet slegs betrek word in noodsaaklike gevalle by die intensiewe ondervraging. Nou hierdie ander brief sê hulle moet glad nie betrek word nie.

En dit/..

K89.12

- 2526 -

SCHOON

En dit sê ook dat "Sulke ondervragings bly steeds die betrokke afdeling se verantwoordelikheid en moet onder die leiding van 'n ervare lid van die afdeling geskied". Nou, het u kennis gedra (20)
van enige probleme wat tussen September en Januarie opgekom het in verband met ondervraging wat aanleiding sou gegee het tot hierdie reël of die beklemtoning van hierdie reël? -- Ek het persoonlik geen aanduiding gehad waaroor dit gegaan het nie. Wat ek wel gehoor het, is dat 'n lid of lede by brigadier Du Preez gaan kla het oor die behandeling wat hulle gekry het by 'n afdeling.

Want tussen September en Januarie is twee mense, ene Dipale en ene Phoshoko, die lede van die Vlakplaas-eenheid volgens wat hulle gesê het ondervra en ernstig aangerand. -- Ek dra nie kennis (30)
van daardie voorval nie.

Maar as 'n senior offisier in kennis gestel is van beweringe

van aanranding, ernstige aanranding, sou dit 'n rede gewees het vir die uitstuur van hierdie omsendbrief wat hier- die paragraaf betref? -- Ek weet nie.

Nou, in paragraaf 5 sê brigadier Du Preez "Hoewel hoofkantoor begaan is oor die dissipline van die eenheid, moet voorkom word dat junior personeel as storiedraers gebruik word", wat bedoel dit? -- Ek weet nie, ek dink u moet die vraag aan brigadier Du Preez stel.

Dra u geen kennis van die beleid wat hierdie reël onder- skryf nie? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Want dit gaan voort en dit blyk asof wat die reël sê, en ek mag verkeerd wees, maar die laaste sin van die paragraaf lees: "Dus moet voorkom word dat die indruk geskep word dat permanente lede, veral jonges, van die afdeling gestuur word om offisiere se optredes te monitor" en ek weet nie of ek dit

korrek/..

K89.14

- 2527 -

SCHOON

korrek lees of nie, maar blyk dit nie daaruit dat wat hier gesê word dat niemand moes gestuur word om hulle optredes te monitor nie? -- Soos ek reeds gesê het ek het niks te doen gehad met die opstel van hierdie brief nie. Die motiewe was nie aan my bekend nie en ek glo dat die Kommissie gaan baie beter antwoorde uit brigadier Du Preez kry.

Maar u sê, as ek reg verstaan, dat u gehoor het van klagtes wat vanuit die afdelings gekom het in verband met die gedrag van ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, nee, hy het gesê hy het gehoor dat lede gekla het oor behandeling wat hulle by die afdeling gekry het.

MNR. PRETORIUS: O, is dit wat u - het u die teenoorgestelde ook gehoor of nie? Dat 'n lid van 'n afdeling sou gekla het oor wat enigiemand van 'n eenheid in 'n afdeling sou gedoen het? -- Nie

waarvan ek weet nie.

Maar hierdie klagtes in verband met ondervragings en die te gou gebruik van vuurwapens, het dit nie uit die afdelings uitgekome nie? -- Nee, dit was gemonitor deur die hanteerders van die verskillende eenhede.

Want u sien, brigadier, net om op te volg in verband met die beleid wat ek aan u stel behels is in hierdie paragraaf, toe die voorval by Chesterville gebeur het, ek gaan net een vraag hieroor vra, toe die voorval daar gebeur het, was die hele area ontruim van enige potensiële ooggetuies van afdelings se lede toe die Vlakplaas se eenheid daar ingegaan het. -- Ek was nie teenwoordig nie en ek kan nie 'n antwoord daar gee nie. (10)

Kan u enige .. (tussenbei)

VOORSITTER: Wanneer was Chesterville gewees?

MNR. PRETORIUS: Onlangs, '86. U sien, wat my opval is hier blyk vir my/..

K89.17

- 2528 -

SCHOON

blyk vir my te voorskyn te kom die begin van beleid dat hier- die mense van Vlakplaas alleen gelaat moet word in die afdelings. -- Nee, ek glo nie dit was die beleid nie. Wat in Chesterville gebeur het, was tussen daardie - ek het nou in daardie saak getuienis afgelê en sover ek weet was die beplanning gedoen deur onluste-eenheid en nie deur Vlakplaas se lede nie. Hulle was net gebruik om in te gaan. (20)

En kan u enige verduideliking gee van hoekom die hele area ontruim sou geword het? -- Ek kan geen verduideliking gee nie. Ek was nie daar nie. Ek het absoluut geen deel gehad aan die beplanning nie en ek kan nie vir u 'n antwoord daar gee nie.

Is nie een moontlike verduideliking dat die eenheid nie wou gehad het dat storiedraers saam met hulle sou gegaan het nie? -- Ek kan nie hier spekuleer oor iets wat ek niks van weet nie. (30)

Toe die Vlakplaas-eenheid op die been gebring was, was seker dokumente daarby betrokke in verband met hierdie opdragte van hulle, ensovoorts. Is ek korrek? -- Hoe bedoel u nou? Ek verstaan nie mooi nie.

Toe die Vlakplaas-eenheid op die been gebring is. -- Ja.

Sou daar seker dokumente bestaan het in verband met die aanstelling van die lede, die reëls wat gevolg moet word en sulke soort dinge, die beleid wat gevolg moet word, wat hulle kan en kan nie doen nie? -- Die reëls van enige polisieman word neergelê in die Polisie wet, die polisie regulasies, die polisie staande orders en dan ook periodieke magsorders wat uitkom asook ander sirkulêres en opdragte. (10)

Nou, dit is wat die algemeen betref, die algemene reëls en regulasies. -- Dit is korrek.

Maar wat/..

K89.19

- 2529 -

SCHOON

Maar wat van die spesifieke reëls in verband met die bestaan van Vlakplaas? Die tipe reëls wat te voorskyn kom in die aanhangsels wat nou voor u geplaas is, daardie tipe reëls, dit moes vroeër as September '81 bestaan het. -- Die opset op Vlakplaas is begin hier in 1979 deur nou generaal Johan Viktor en dit was maar eers op 'n baie lukraak wyse hanteer, want van hierdie teruggekeerde terroriste is gearresteer, hulle het hulle samewerking gegee en toe moes daar vir hulle 'n heenkome gevind word en hulle is op Vlakplaas geakkommodeer en later het dit toe begin - is daar begin om hierdie mense aan te wend en so het die ding sy groeistadium gehad tot dit lateraan baie beter beslag gekry het. (20)

Maar wat ek aan u stel is dat daar moes seker dokumente gewees het wat verslae was of opdragte van bo na ondertoe. Sulke dokumente, dit moes bestaan het. -- Ek dink brigadier Viktor (30)

destyds, afgetree as generaal-majoor, hy het 'n memorandum opgestel waar daar goedkeuring gevra is vir hierdie projek en dit is toe op ministeriële vlak goedgekeur en daar is met die ding aangegaan. Daardie dokumente is, glo ek, iewers beskikbaar en dit is die grondslag van die ontstaan van Vlakplaas.

U sou 'n lêer in verband met Vlakplaas gehou het. -- Ek dink daar is nou nog 'n lêer.

In hierdie lêers sou verslae gewees het, opdragte. -- Ek glo net die administratiewe opdragte en korrespondensie is in daardie lêer gehou. Die verslae gaan in verskillende ander lêers in in die funksionele stroom. (10)

En waar sou die lêers geliasseer word? Hoofkantoor? -- Te hoofkantoor.

Daar is getuienis afgelê dat u gereeld gedurende 1981 met kaptein/..

K89.20 - 2530 - SCHOON
met kaptein Dirk Coetzee gepraat het. Hy sê feitlik elke oggend het hy aan u gerapporteer. -- Nee, ek sou nie sê hy het elke oggend aan my gerapporteer nie. (20)

Het hy wel .. (tussenbei) -- Hy het dikwels geskakel en dan met een van die kantoorpersoneel gepraat, maar selde met myself.

En van hierdie terugrapporterings was daar 'n notule gemaak en gehou? --Nee.

Glad nie? -- Nie sover ek weet nie, in elk geval nie deur my nie.

Was enige verslae vanaf Coetzee of enige ander bevelvoerder van Vlakplaas aan u kantoor gestuur? -- Ja, van die bevelvoerders het verslae gestuur.

Was dit van hulle verwag om dit gereeld te doen? -- Dit was verwag om insidente - as daar 'n arrestasie of 'n voorval plaasgevind het, dan was dit sy plig gewees om verslag te doen (30)

daaroor.

Op skrif? -- Op skrif.

En was dit ook hulle plig om aan u te rapporteer as sê nou byvoorbeeld 'n jaar verbygegaan het en niks gebeur het, sou daar nie 'n plig gewees het om ook die negatiewe aspekte te rapporteer nie? -- Nee.

Is daar nie iets soos 'n kwartaallikse verslag of 'n jaarlikse verslag of 'n maandelikse verslag nie? -- Nee.

Is die plig net as iets gebeur? -- Dit is al.

En u sê dat sulke verslae was seker ingestuur na hoof- kantoor
(10)
toe. -- Dit is korrek.

En hulle sou ook te hoofkantoor geliasseer word. -- Ja.

In verband met die gebruik van wapens, is 'n wapenregis- ter
gehou vir Vlakplaas? -- Hoe bedoel u nou, watse
wapenregister/..

K89.21

- 2531 -

SCHOON

wapenregister?

Wel kyk, byvoorbeeld, ek weet dat 'n onluste-eenheid in verband met die wapens wat hulle hou moet wapenregisters ge- hou
(20)
word. Elke wapen wat uitgereik is, is neergeskryf in 'n sekere register en elke koeël feitlik wat gebruik is moet daar gerapporteer word daarvoor en 'n nota word daarvan gemaak. -- Ek weet dat meeste van die lede het hulle persoonlike wapens gehad wat op hulle uitrustingstaat aangeteken is.

En as hulle die wapen gebruik en ammunisie gebruik moet hulle dit ook rapporteer. -- Dit is korrek.

En daar by hoofkantoor is 'n rekord gehou en die ammunisie is weer aangevul en rekord word daarvan gehou? -- Ja, en hulle het ook gereeld geoefen. Daar is ammunisie aan hulle uitgegee
(30)
om mee te oefen.

En soos ek dit verstaan is die bedoeling van die reëls en

regulasies by die polisie dat elke skoot wat gevuur is, sal 'n mens 'n rekord daarvan vind. -- Ja, ek weet nou nie of dit so eng toegepas word nie.

Ek wil nie in te veel besonderhede daaroor ingaan nie, maar soos ek die getuienis wat ek oor die laaste drie jare gehoor het verstaan het, is dit die bedoeling seker om sulke besonderhede op rekord te plaas en te hou. -- Dit is die be- doeling.

So, was enige sulke rekords in verband met Vlakplaas gehou? -- Ek dra nie persoonlik kennis van sodanige rekord nie.

As dit die algemene reël was dat enige eenheid in die polisie (10) sulke rekords moet hou, sou hulle toestemming moes gekry het om daardie reëls te verontagsaam? -- Ek glo dat daar wel rekord gehou is, maar ek het dit persoonlik nie gesien

nie./...

K89.23

- 2532 -

SCHOON

nie.

Maar u het geen bevel uitgereik tot die effek dat hulle nie verplig was om hierdie rekords te hou nie? -- Nee, ek het geen so 'n bevel uitgereik nie.

(20) So, as die algemene beleid van die polisie gevolg was sou daar wapenregisters en ammunisieregisters gehou geword het? -- Ja, daar word deur die storeklerk, in hierdie geval was dit kaptein Rörich gewees, hy het wel sulke registers gehou waarin die aanvraag gedoen is en waar lede dan geteken het vir die wapen, dit is die eiendomsrekening aangeteken, as dit net tydelik aan 'n lid uitgereik word, 'n spesifieke vuurwapen. Waar 'n vuurwapen permanent aan 'n lid uitgereik word, kom dit op sy uitrustingstaat.

En ook vuurwapens wat in die algemeen aan die eenheid as sulks uitgereik is. In teenstelling met die wapen wat per- soonlik (30) uitgereik is, as wapens aan die eenheid uitgereik is, is daar ook rekord daarvan gehou? -- Ek glo dat die store het wel so 'n rekord

gehou en dat indien 'n lid 'n wapen benodig het, het hy na die storeklerk gegaan en hy het daar geteken vir 'n wapen.

Nou, dra u kennis of hierdie rekords bestaan nog in verband met Vlakplaas in 1981 of daarna of laat ek dit so stel, 1981. -- Ek weet nie of daar in 1981 deur hulle persoon-lik so 'n rekord gehou is nie, maar ek weet dat hulle wel by die storeklerk wapens getrek het en dat as daar rekord is moet dit daar wees.

VOORSITTER: Waar is die storeklerk? -- Dit is in hoofkantoor gesetel.

MNR. PRETORIUS: Afgesien van hierdie dokumente waarvan ons nou (10) gepraat het, dra u kennis van enige ander dokument van enige aard/..

K89.24 - 2533 - SCHOON

enige aard wat in verband met Vlakplaas bestaan het, te hoof-kantoor eerstens? -- Daar moet seker nog talle dokumente wees. Dit hang net af watter tipe dokument die advokaat na verwys.

Nee, ek wil hê asseblief u moet ons help. Ek weet nie watter dokumente daar is nie en kan u vir ons sê watter tipe dokumente of watter kategorieë dokumente sou nog bestaan in verband met (20) Vlakplaas. -- Hierdie gewone administratiewe dokumente wat met die onderhoud van so 'n opset gepaard gaan.

Was dit van u verwag as hoof van seksie C om na bo verslag te maak? Was dit verwag van u .. (tussenbei) -- Oor die werksaamhede van die eenheid?

Ja. -- Alleenlik wanneer daar positiewe dinge was om te rapporteer is dit gerapporteer.

En het u wel so 'n verslag gemaak? -- Sulke verslae is wel gedoen.

En ek is seker dié sou nog bestaan ook. -- Ek glo so.

Nou, is daar 'n algemene reël in die polisie dat veilig- (30) heidspolisieremane hoef nie sakboeke te dra nie? Is dit 'n al- gemene

reël? -- Dit is so. Ek weet nie of dit nou verander is nie.

Het die reël in 1981 ook gegeld? -- Dit is korrek.

Was die reël dat hulle nie sakboeke moet dra nie of hulle nie sakboeke moet hou nie? -- Nee, die reël was om nie 'n sakboekie te dra nie.

Was hulle nog verplig om 'n sakboekie te hou? -- Dit was opsioneel gewees of hy 'n sakboek wou hou of nie.

Is dit nou lede van die veiligheidspolisie? -- Dit is lede van die veiligheidspolisie.

Onderoffisiere? -- Onderoffisiere.

(10)

En dit, soos ek dit verstaan, is nie die reël vir die

gewone/..

K89.27

- 2534 -

SCHOON

gewone polisieman nie. Hy moet 'n sakboekie .. (tusenbei) -- Nee, hy moet 'n sakboekie hê.

Hê en dra. -- Ja.

En u sê die reël, as ek dit reg verstaan, is vir die veiligheidspolisie 'n opsie, of hy wil een hou of nie? -- Wel, hy was eintlik gesê gewees om nie 'n sakboekie te hou nie, om watter rede weet ek nie. (20)

Om nie te hou nie of om nie een te dra nie? -- Om nie 'n sakboekie by te hou nie.

Is gereeld vergaderings gehou tussen u en u mede-offisiere in verband met - hoër offisiere, in verband met die aktiwiteite van afdeling C of seksie C? Was daar gereeld sulke vergaderings gehou? -- Nee, eers later van tyd het ons elke oggend bymekaargekom wanneer die offisiere wel beskikbaar was.

Nou, was notule van hierdie vergaderings gehou? -- Geen notule was gehou nie.

(30)

Sou u nie gereeld met u mede-offisiere in ander seksies of met generaal Coetzee byvoorbeeld vergadering gehou het nie in

verband met wat in u seksie aangaan? -- Ons het elke oggend in generaal Coetzee se kantoor byeengekom, die senior offisiere, en dan het hy daar wat ter sprake is of wat van belang was, het hy òf vir ons gevra òf ons getaak en gehoor wat op elkeen se gebied plaasgevind het.

Sou daar notule van hierdie vergaderings gehou word? -- Daar was ook nie notule hiervan gehou nie. Ek dink daar was wel deur hom aantekeninge gemaak van dit wat van belang was.

Seker as opdragte uitgereik is, sou hy daarvan 'n nota gemaak het. -- Ek glo so, ja.

U sien, wat ons vreemd vind is dat ons kan geen dokument

wat op/..

(10)

K89.29

- 2535 -

SCHOON

wat op Vlakplaas gehou is kry van wat daar aangegaan het of wat daar gebeur het nie. Kan u dit miskien vir ons verduidelik, hoekom daar nie op Vlakplaas 'n behoorlike rekord of hoekom daar nie 'n behoorlike rekord gehou was van wat eintlik die eenheid gedoen het nie van dag tot dag. -- Ek kan nie daar 'n antwoord gee nie.

(20)

Is dit nie die algemene beleid van die polisie dat elke eenheid van wat ook al sy aard sulke rekord moet hou, byhou van wat elke dag gebeur nie? -- 'n Mens sou dit verwag, ja.

Maar nie verwag nie, dit is, soos ek die reëls en regulasies van die polisie verstaan, dit is verpligtend dat elke eenheid moet besonderhede hou van elke doen en late van daardie eenheid, elke dag moet rekord bygehou word van daardie eenheid, wat lede van daardie eenheid doen. Is dit nie die vaste beleid van die polisie nie? -- Wel, die beleid wat nou gevolg word, is die manne gaan uit vir drie weke, dan kom hulle terug en hulle dien verslag in oor wat hulle oor daardie tydperk verrig het en dit is op skrif.

(30)

Al het niks gebeur nie? Al het .. (tussenbei) -- Hy sê daar

presies wat hy alles gedoen het in daardie sê drie weke wat hy vir die maand uit was.

En al is niemand .. (tussenbei) -- Daardie verslae glo ek is vandag nog beskikbaar.

En al is iemand gearresteer nie of al is niemand geskiet nie of ammunisie nie gebruik nie, daar behoort nog sulke rekords te bestaan. -- Dit het gebruik geword dat so 'n verslag moet deur elke groep bevelvoerder ingedien word met sy terugkeer na Pretoria.

VOORSITTER: Die probleem is net die volgende u sê dit het die gebruik geword, wanneer het dit die gebruik geword? -- Sedert
(10)
majoor De Kock/..

K89.30

- 2536 -

SCHOON

majoor De Kock die eenheid oorgeneem het.

Want Dirk Coetzee het uitdruklik getuig dat hy nooit so iets .. (tussenbei) -- In Dirk Coetzee se tyd was dit nie so nie.

MNR. PRETORIUS: Nou, was dit nie ook die algemene beleid van die polisie in 1981 dat elke eenheid rekord moet hou van wat plaasvind nie? -- Nee.

Dit was nie beleid nie sê u. Mr Chairman, I am about to go
(20)
to another topic. Would this be a convenient time?

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 12 JUNIE 1990 OM 10h00.